NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

Februarie 2009 February 2008

Redaksioneel

Hier aan die begin van die nuwe jaar het ek sommer baie hoop vir die bedrywighede van die vereniging. My optimisme is gegrond of die verloop van die algemene jaarvergadering. Ek glo alles het heel glad verloop, die nuwe voorsitter lyk of hy lus is vir die taak en die insette wat ingedien is vir moontlike onderwerpe vir die komende jaar is ook vol belofte vir ‘n groot sukses. Personally, I want to make an appeal to all our members to really get stuck in and make positive contributions wherever you can. Let the committee know what your own expectations are and volunteer to assist. Let us see whether we can make this year a great success. In die verband wil ek ook net beaam wat At Smit gesê het: **Begin nou al beplan en werk aan jou projekte vir die jaar.**

Ek wil net aan u almal noem dat ek dit al hoe moeiliker begin vind om die Tambotie te skryf. Die redes hiervoor is baie. Die vernaamstes is:

- Ek raak uitgeskryf- ek kan nie meer dink wat om te sê nie.
- Ek raak te stadig- het nie genoeg tyd tot my beskikking om navorsing te doen, die skryfwerk te doen, my eie werk te doen en ook nog so ‘n stukkie houtwerk vir die plesier te doen nie. Ek wil dus weer eens ‘n ernstige beroep op al ons lede doen om tog maar bydraes aan te stuur sodat ons ‘n goeie nuusbrief kan saamstel.

Programme for February

The cabinetmakers were planning to visit a door factory in February . At the time of writing this, the details are unfortunately still not available. Kindly contact Danie Venter, should you be interested to attend this activity.

- Saturday, 16 February, at 09h00. The turners will meet at the workshop of At Smit.
- Wednesday, 27 February, at 18h00. The monthly meeting of the association, at the Botany Department of the University of Pretoria. The turners will be giving us information on certain turning techniques.

Algemene Jaarvergadering

Soos reeds vermeld, het ons ‘n heel suksesvolle algemene jaarvergadering gehad. Om die aand te begin het Fanie le Hanie die Executool-Trofee amptelik aan Brian Addis oorhandig. Hierdie trofee is deur **Executool** geskenk vir die beste meubelstuk by ons jaarlikse uitstalling.

Figure 1 Fanie le Hanie (R) oorhandig die Executool-trofee aan Brian Addis

Die werklike verrigtinge is afgeskop met die uit-gaande komitee wat verslag gedoen het oor die afgelope jaar se verrigtinge. Kyk die voorsitter se jaarverslag wat verderaan verskyn. Daar is verder ‘n finansiële verslag ingedien, wat getoon het dat die vereniging se finansies steeds kerngesond is. Ons finansiële posisie het gemaak dat die komitee besluit het om hierdie jaar se fooie te hou by die R30 intreegeld en R180 per jaar lidmaat fooie. (Vir diegene wat nie teenwoordig was nie, en moontlik sou belangstel om verdere insae in die finansiële verslag te hê, word dit voorgestel dat u vir Dries du Toit skakel om ‘n afskrif te bekom. Die uwe het verder die vrymoedigheid gehad om, namens die lede, vir At en sy komitee te bedank vir die puik wyse waarop hulle die verrigtinge gedurende 2007 behartig het.

Hierna het ons oorgegaan om die nuwe komitee te verkies. Die komitee vir hierdie jaar sien soos volg daar uit:

- **Voorsitter: Anton Lourens.**
- **V/Voorsitter: Willie de Wet**
- **Sekretaris: Francois van Wyk.**
- **Tesourier: Dries du Toit. 012 4203596.**

Lede

- **Lou Coetzer.**
- **Paul Robberts.**
- **Andreas Swart.**
- **Monty von Elling.**
- **Gerhard du Rand.**

Ek glo dat dit ‘n komitee met baie belofte is en dat ons lede hulle ten volle sal ondersteun om hierdie jaar se sukses te verseker.

Nadat ons verversings geniet het, het ons voortgegaan om die komitee te help met die opstel van ‘n wenslys van dinge wat oorweeg kan word vir hierdie jaar se program. Dit beloof om interessante voorleggings op te lewer.

Dis is uiteraard nou weer tyd om julle fooie vir die jaar te betaal. Dit sal baie gaaf wees as almal tog maar so gou doenlik hierdie takie kan afhandel. U kan by die maandvergaderings betaal. Indien u egter sou verkies om die fooie elektronies oor te betaal kan u dit ook sodanig doen. Die bankbesonderhede is as volg.

- Houtwerkvereniging van Pretoria
- ABSA bank
- Tak: LYTTLETON
- Takkode: 335 045
- Rekening: 0600176234

Laat weet asb vir die tesourier die besonderhede van enige elektroniese betalings sodat hy die sekretaris kan verwittig om jou naam op die naamlys te behou!

(As u almal teen einde Maar u ledegeld betaal het kan die sekretaris teen April die nuwe ledelys saamstel en uitstuur. Ons maak staat op u samewering!)

Advertensie

PEPERMEUL MEGANISMES TEEN ‘N SPESIAL VERENIGING PRYS

Piet Smith, een van ons nuwe lede, beskik oor die alleen verspreidingsreg vir ‘n Deense, KERAMIEK pepermeul meganisme.

Piet voer hierdie Handelsmerk meganismes direk in vanaf Denemarke en kan gevolglik ‘n goeie prys aanbied vir ons lede.

Meganismes is beskikbaar in lengtes van 135 mm, 195 mm en 260 mm met passingsinstruksies.

‘n Unieke meganisme, wat onder in ‘n pepermeul gepas word, en gevolglik enige lengte pepermeul pas, is ook beskikbaar.

Omdat die meganisme van KERAMIEK is dra dit ‘n 25 jaar waarborg en is getoets om in ‘n normale huishouding 200 jaar te hou!

Normale prys R125.

SPESIALE PRYS VIR LEDE VAN DIE HOUTWERK-VERENIGING: R99.

Skakel direk vir Piet by 082 456 8372

Recipe: Danish oil

HOME BREW FINISH

The finish I use on virtually all my woodwork is homemade. I like oil based finishes because they enhance grain and colour of wood so beautifully. I used Watco Danish Oil for years, until they diluted their formula about 15 years ago. Searching for a replacement I came across this recipe.

One part boiled linseed oil.
One part thinner..
One part gloss polyurethane (the higher the solids content the better).
A dash of Japan dryer (optional, but it does decrease drying time).

This is essentially the recipe for all Danish oils. The “polymerizing resins” they list in their ingredients is what polyurethane is. The addition of Tung oil offers no benefits I can detect.

Just slobber it on, I actually dip small pieces, let it soak in for a while, and wipe of the excess. Check after a couple of hours for bleed out and wipe it again if necessary. On most of my work only one coat is necessary. Despite the poly it gives a very “close to the wood” finish. After a minimum of 48 hours I finish the piece with a coat of high quality wax. It works extremely well on intricate pieces (like my boxes) where drips would be a real pain.
I do not use this finish on table tops that can be exposed to lots of water, alcohol etc. I use Waterlox on those, as well as any outdoor work. It’s a little hard to find but brings out the colour well and repels just about everything.

Bill

(Leon Wolmarans het hierdie resep onder ons aandag gebring – Red)

VOORSITTER SE JAARVERSLAG

CHAIRMAN'S ANNUAL REPORT

Herewith the Chairman's report that comprises mainly of a summary of the activities of the association for the past year.

MEMBERSHIP

The number of paid up members for 2007 hovered in the region of 85 which is effectively about 15% down on the previous year. It is just about impossible to determine what the real reason for the decline is. Judging from the great number of telephone enquiries I receive about the association there does seem to be a great interest in woodworking as a hobby or DIY activity and a great number of these enquiries were from women. I appeal to every member to actively recruit new members for our association. The idea to bring along a friend or a potential new member as a guest to the monthly gatherings seems to be a good way to convince somebody to become a member.

PROGRAMME OF ACTIVITIES

One of the most difficult tasks of the committee is to produce an acceptable programme of activities for the association. \in this regard sensible inputs from all members are n invaluable but because of the diverse individual interests of the members an acceptable balance must be maintained to try and satisfy as many as possible. This is not an easy task, and sometimes the external guest speaker or presenter cancels at the last minute resulting in a change of the published programme.

Despite these difficulties the monthly attendance figures at our meetings were seldom below 40-50% of our total membership. I consider this attendance to be acceptable but one should strive to improve upon it.

The two most active sub groups namely furniture and turning groups also gather on additional and separate dates during the month. Each of these groups also has an additional and separate programme specifically pertaining to their field of interest. The sub group gatherings are also well attended.

The most important activity on the yearly programme is the exhibition of members' work. This is also the main public awareness activity of the association. This past year's exhibition can again be classed a big success with very good participation and attendance from the members. The number of items submitted by members was slightly down compared to the previous year but what was lost in quantity were made up for in quality.

OPENBARE BLOOTSTELLING

Een van die doelstellings van die vereniging is om die publiek bewus te maak van ons bestaan en ons aktiwiteite. Ons jaarlikse uitstalling is by verre die grootste poging van die vereniging om ons beeld na buite uit te dra. Soos reeds vermeld was die jaar se uitstalling 'n groot sukses en publieke bywoning van die aangeleentheid was in die orde van 400. Advertensies i.v.m. die opedag is in verskeie dagblaaie en streekskoerante gedra. Die redakteur van "***The Home Handyman***"- 'n tydskrif wat landwyd versprei word, het persoonlik die uitstalling bygewoon en 'n dubbelblad kleurfoto-artikel van ons uitstalling verskyn in die Desember 2007 - Januarie 2008 uitgawe van die tydskrif.

Danksy die grootse poging deur Elsabe Vermaak het verskeie lede van die vereniging 'n groot hoeveelheid kinderspeelgoed gemaak. 'n Groot hoeveelheid van hierdie speelgoed is by 'n spesiale geleentheid aan die speelgoed biblioteek oorhandig en het ook media-dekking ontvang. Die res van die speelgoed is aan 'n tehuis vir behoeftige kinders geskenk. Dankie aan almal wat hierdie verdienstelike poging moontlik gemaak het.

Tydens die besoek van die Amerikaanse beroepsdraaier Bonnie Klein aan ons draaiers sub-groep het die Record gemeenskapskoerant 'n berig oor haar besoek en demonstrasie gedra. 'n Afskrif van hierdie berig is aan Bonnie in Kaapstad gegee.

Die tydskrif 'Plus 50' het 'n pragtige dubbelblad artikel en kleurfoto's van die houtdraaiers sub-groep in die Sept. / Okt. 2007 uitgawe gedra. Die draaiers het ook 'n uitstalling van lede se draaiwerk asook houtdraaidemonstrasie gehou by die driedaagse expo 50+ in die Skilpadsaal van die Pretoriase skouterrein oor die tydperk 1 tot 3 Oktober 2007. Dankie aan Willie de Wet vir die reëlings.

Gedurende Mei 2007 het verskeie van die draaiers in samewerking met kunsstudente van die Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT) 'n houtdraai kunsuitstalling gehou tydens TUT se opedag.

Houtdraaiwerkdemonstrasies is deur van ons lede gegee by vier geleenthede tydens ope dae van Hardware Centre by beide hul Boksburg- en Randburg takke.

SKAKELING MET ANDER KLUBS/ VERENIGINGS.

Verskeie van die houtdraaiers is ook lid van die Nasionale Houtdraaiers vereniging (AWSA) en as sulks neem hulle ook deel aan aktiwiteite van daardie liggaam. Slegs drie lede van ons vereniging het die afgelope jaar die nasionale draaiers kongres in Kaapstad bygewoon. In 2008 vind hierdie kongres in Pietermaritzburg plaas en aanduidings is dat heelwat meer van die draaiers beplan om hierdie byeenkoms by te woon.

Tydens die jaarlikse 'Hobby X'uitstalling het verskeie van ons lede weer eens houtdraaidemonstrasies gegee. Hierdie demonstrasies word gesamentlik met lede van die Witwatersrandvereniging gedoen en is terselfdertyd 'n aangeleentheid wat groot publieke blootstelling tot gevolg het.

Die Wits' draaiersgroep het die Pta draaiers genooi om ook deel te neem aan 'n kompetisie en sosiale samesyn by hul klubhuis. Lede van die Oos-Randse houtwerkers was ook hierby betrokke. 'n Paar van ons lede het hierdie geleentheid bygewoon en ook deelgeneem aan die kompetisie.

Draaiers van Pretoria saam met 'Wits' draaiers het 'n uitstalling van draaiwerk en draaidemonstrasies gehou by die Rosebank 'Rooftop'mark.

Die Oos-Randse houtwerkvereniging het my weer eens genooi om draai demonstrasies te gee tydens hul opedag gedurende September. Hierdie is 'n baie dinamiese vereniging wat ook jaarliks 'n uitstalling vir die publiek hou. Ek sal graag wil sien dat meer van ons lede ook hierdie vereniging ondersteun tydens hul opedae. Verskeie lede van beide die Oos-randklub en die Witwatersrand houtwerkvereniging doen die moeite om ons jaarlikse uitstalling by te woon.

NUUSBRIEF

Die '***Tambotie'*** nuusbrief is ons amptelike kommunikasiemiddel; en vul 'n belangrike rol om lede op hoogte te hou van gebeure aangesien almal nie gereeld die maand byeenkomste kan bywoon nie. Ek doen 'n beroep op lede om ***Tambotie*** te gebruik om hulle wyshede en nuusbrokkies ens, met ander lede deel. Ek wil ook die redakteur, Louw Trichardt, bedank vir sy toewyding en harde werk om te verseker dat ons gereeld maandeliks ons nuusbrief kry. Dit is voorwaar 'n reuse taak wat ek dink nie altyd waardeer word nie. Dankie Louw.

BEDANKINGS

Aan die einde van my twee jaar as voorsitter wil ek baie groot dankie sê aan elke lid van die vereniging vir hul bydrae tot hierdie vereniging se sukses. Ek wil ook 'n ekstra groot dankie sê aan dié lede wie bereid was om op die komitee te dien en sodoende 'n nog groter bydrae gemaak het om my taak as voorsitter te vergemaklik en die doelwitte van ons vereniging te help bereik.

Mag die Houtwerkvereniging van Pretoria van krag tot krag gaan en mag almal wie daaraan behoort hul houtwerk terdeë geniet.

AT SMIT

Turners' corner

The turners already had their first meeting of the year! We met at Francois van Wyk's. As usual, our meeting at this venue included great snacks and coffee.

The meeting started off with Willie de Wet and Lou Coetzer who informed us about the planned program for 2008. It was very clear that these two have really made it their business to prepare a sensible programme for the whole year. The members present agreed that the turners should start to have meetings on a Saturday morning every second month. We start with this on Saturday 16 February 2008. This meeting will be at At Smit's workshop. (For those members who have not recently visited At, I just want to mention that his **big lathe** is now in a working state! I hope that At will soon be able to show us how it works.)

Figure 2: At with his pattern makers lathe

After discussing the programme as well as our forthcoming activities, we had a look at the work done over the holiday period. It was clear that some of us had lots of time available to come up with unique ideas and techniques. Personally, I was

impressed with David's segmented bowl, where some of the segments were elevated obliquely. (Hope I described it correctly) Then there was the lace work on a platter, done by Willie de Wet.

Figure 3: Here Willie's lace work platter, as well as David's segmented vase (the dark and light wood in a spiral pattern) is shown with some of the other pieces.

Willie then gave a demonstration on the technique to do lace work on turned pieces. This was so inspiring that at least one of our members bought a router similar to the one that Willie uses. It is to be expected that we will see similar efforts coming of the lathes in future.

Figure 4: Willie demonstrating lace work on trurned pieces

The next turners' meeting on Saturday, 16 February, will have some practical turning where those present will be able to try out their own tools with some of the more experienced turners in attendance. This practical work on our Saturday meetings must be the most obvious advantage of having meetings on Saturdays, as we will have enough time available.

Advertensie

Riaan Bothma van Naboomspruit, het 'n groot hoeveelheid Swart Ivoor en ander inheemse hout beskikbaar. Enige lid wat enige sulke hout skaars houtsoorte vir projekte benodig word genooi om Riaan direk te skakel by: 082 962 9096

Redaksioneel

Redakteur: Louw Trichardt
Adres: Bus 50606, Wierdapark, 0149
Tlefoon: 012 653 1874